Hoër Tegniese Skool Vereeniging

STIGTINGSDATUM: 1937
LEUSE: WORSTEL EN OORWIN
ADRES: BEETHOVENSTRAAT 1, DUNCANVILLE,
VEREENIGING, 1935

Skoolgeskiedenis

Onderwys in tegniese en handelsvakke is in 1926 in die ou Selbourne-saal gegee. In 1935 is begin met die bou van 'n Tegniese en Handelskool in Beaconsfieldweg. Jan Hofmeyr, die minister van onderwys, het die skool later dié jaar geopen. In 1937 het die eerste hoof, WG Daly, die deure vir sewentien leerlinge geopen. Einde 1978 het die vyfde hoof, C Oosthuizen, die skool na sy nuwe tuiste in Beethovenstraat verskuif. Vanaf 1979 was die skool uitsluitend 'n tegniese skool, en die ou skool in Beaconsfieldweg het 'n tegniese kollege geword. In 1996 het die huidige hoof, Dries van Heerden, by MJ Dippenaar oorgeneem. Van Heerden het 'n leidende rol in skolerugby gespeel en is tans voorsitter van die nasionale liggaam.

Tekkies Rugby

Van 1994 het die skool begin om sy stem teen die top-rugbyskole in Suid-Afrika dik te maak. Sedertdien was 96 van sy spelers by die Cravenweek, en het sewe vir SA Skole gespeel: Corrie Steenkamp, Ettienne Barnard, Bakkies Botha, Johan Oberholzer, Rudi Dames, Jano Vermaak en Zander de Kock. Al hierdie spelers is vir SA o.19 gekies, asook Frank Louw. Sedert 1994 het HTS Vereeniging, ook bekend as die Tekkies, die liga sewe keer ingepalm: in 1994, 1995, 1997 tot 2000, en 2002. In 2005 het hulle in die finaal gespeel.

Hulle was konsekwent onder die top twintig skole in die land en het goed gevaar in bekerkompetisies noord van die Vaal. In 1999 het hulle die finaal bereik.

Tradisie, soos wanneer die vyftiental tot 1ste span spelers beslaan word, speel 'n groot rol in die skool se sukses. Die skool glo dat sy rugby staan op pilare van trots, tradisie, dissipline en 'n strewe na uitnemendheid.

Bakkies Botha is beslis die bekendste oudleerling. Hy was kaptein van die 1ste span, die Valke se Cravenweekspan en SA Skole. Daarop het hy vir die SA o.19, die SA o.21 en die SA A-span uitgedraf voordat hy uiteindelik Springbok geword het. Hy is 'n seker keuse op slot en vorm 'n formidabele kombinasie met sy slotmaat Victor Matfield. Hulle speel albei vir die Bulls. Ander spelers wat goed gevaar het, is die flank Ettienne Barnard (Lions en Cats), die slot Stefan Britz (Blou Bulle), die skrumskakel Rudi Dames (SA o.19 en Wildebeeste), die flank Frank Louw (SA o.19 en die Luiperds), en die skrumskakel Jano Vermaak (SA o.19). Gert Muller en Zander de Kock is albei by die Lions gekontrakteer. Die skool se onlangse sukses is hoofsaaklik toe te skryf aan die huidige hoof, Dries van Heerden and hoofbreier André Smit. Van Heerden het in 1993 by HTS opgedaag toe die skool se rugby betreklik swak was. Hy het die skool met rugbytrots en tradisie besiel, en dit het klaarblyklik gewerk. Sedert 1994 was die skool agt keer ligawenners. Eerstespanwedstryde lok nou skares van byna 7000. Die voormalige provinsiale speler André Smit het onlangs ook by die skool se rugby betrokke geraak, en sedert 1994 het die skool meer as 100 provinsiale spelers opgelewer. Onder Van Heerden en die afrigtingspan lê daar vir Tekkies beslis 'n blink toekoms voor.

Internasionaal

Suid-Afrika:
Bakkies Botha

"Ek het die meeste van my hoërskooljare op HTS Middelburg deurgebring, voordat HTS Vereeniging se hoof my die geleentheid aangebied om daar te speel. My skuif na HTS Vereeniging was dus suiwer op rugby gebaseer, maar dit het gewerk, want ek het die span gehaal, en in 1998 ook die SA Skolespan aangevoer. Maar Geo Cronjé en Gerrie Britz het my uit die o.21 span gehou! Ek dink nie daar is 'n verskil in intensiteit tussen 'n strawwe skoolwedstryd en 'n Springbokkragmeting nie. Daar is klaarblyklik verskillende faktore en 'n ander konteks, maar ek het skolerugby as ongelooflik mededingend beleef – soms selfs té aggressief. Die genot van die spel word soms vir die resultaat opgeoffer. Skolerugby moet beslis mededingend wees, maar die spelers moet dit steeds kan geniet."

— Bakkies Botha (1998)

"Daar is 'n besonder goeie verbintenis tussen my en Bakkies, want hy het by my gewoon toe hy van Middelburg na Vereeniging verskuif het. Ek het toe al besef dat hy 'n Springbok sou word. Weens rugbypolitiek in 1998 het hy byna nie die Valke se Skolespan gehaal nie, maar aan die einde van die jaar het hy vir die Valke gespeel en die SA Skolespan aangevoer.

Rudi Dames (1998-1999) was die beste skolekaptein wat ek ooit teëgekom het, en dit sluit al die Skole en o.19 spanne in wat ek afgerig het. Hy kon alles uit die spelers haal.

Jano Vermaak is 'n voorbeeld vir elke jong speler, en 'n bewys dat harde werk vrugte afwerp. Hy sit eenvoudig alles in om homself as rugbyspeler te verbeter. Sy lojaliteit teenoor die spel was uitsonderlik. In graad 8 was hy kleiner as 'n tinktinkie, maar hy wou vleuel speel. Ek het die o.14-breier gevra om hom op skrumskakel in te span. Vandag is hy die Lions se skrumskakel. Met sy benadering sal hy heel moontlik ook 'n Springbok word."

— Dries van Heerden (hoof; voormalige SA Skolebreier en keurder)